REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# Government Gazette
# Staatskoerant

Regulation Gazette No. 6336 Regulasiekoerant

Vol. 401 PRETORIA, 6 NOVEMBER 1998 No. 19432

## GOVERNMENT NOTICES
## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

## DEPARTMENT OF AGRICULTURE
## DEPARTEMENT VAN LANDBOU

**No. R. 1421** **6 November 1998**

AGRICULTURAL PRODUCT STANDARDS ACT, 1990 (ACT No. 119 OF 1990)

**REGULATIONS RELATING TO THE GRADING, PACKING AND MARKING OF WHEAT INTENDED FOR SALE IN THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA: AMENDMENT**

The Deputy Minister of Agriculture, acting under section 15 of the Agricultural Product Standards Act, 1990 (Act No. 119 of 1990), on behalf of the Minister of Agriculture—

(a) made the regulations in the Schedule; and

(b) determined that the said regulations shall come into operation on 1 November 1998.

**SCHEDULE**

***Definitions***

1. In this Schedule "the Regulations" means the regulations published by Government Notice No. R. 905 of 10 July 1998.

***Amendment of regulation 1 of the Regulations***

2. Regulation 1 of the Regulations is hereby amended by—

(a) the substitution of the definition of other grain with the following definition:

" '**other grain**' means the kernels or pieces of kernels of barley, oats, triticale, maize, rye and sorghum;"; and

(b) the substitution of the definition of unthreshed ears with the following definition:

" '**unthreshed ears**' means ears and bits of ears of wheat, barley, triticale and rye that still contain seeds;".

### *Amendment of regulation 4 of the Regulations*

3. Regulation 4 of the Regulations is hereby amended by—

(a) the substitution of the expression *"Ergot sclerotia"* in paragraph (b) of subregulation (1) of the expression "ergot sclerotia"; and

(b) the substitution of paragraph (d) of subregulation (1) of the following paragraph:

"(d) be free from insects;".

### *Amendment of regulation 6 of the Regulations*

4. Regulation 6 of the Regulations is hereby amended by—

(a) the insertion of the following paragraph after paragraph (b) of subregulation (3):

"(c) Notwithstanding the provision of paragraphs (a) and (b), wheat shall be deemed to comply with the requirements of the paragraphs concerned if it deviates not more than 30 seconds, allowed with regard to the reproducibility of the method, from the minimum prescribed for Super Grade, Grade 1, Grade 2 and Utility Grade, as the case may be.";

(b) the substitution of subparagraph (i) of paragraph (a) of subregulation (4) of the following paragraph in the Afrikaans text:

"(i) 'n minimum van 14 persent (op 'n 12 persent vogbasis) proteïen bevat; en"; and

(c) the substitution of subparagraph (i) of paragraph (b) of subregulation (4) of the following paragraph in the Afrikaans text:

"(i) 'n minimum van 13 persent (op 'n 12 persent vogbasis) proteïen bevat; en".

### *Substitution of regulation 11 of the Regulations*

5. Regulation 11 of the Regulations is substituted by the following regulation:

"11. (1) A working sample is obtained by dividing the representative sample of the consignment according to the ICC (International Association for Cereal Chemistry) 101 (Approved 1960) method.

(2) Containers in which a working sample for the determination of moisture or any other analysis at a laboratory is packed, shall—

(a) be undamaged, clean and strong enough for the transport of the working sample;

(b) be manufactured from linen or double layered paper;

(c) in the case of moisture determination and the determination of undesirable odours, be airtight and watertight; and

(d) on the container itself or on a label which is affixed to the container or placed in the container, be clearly marked within an identification mark and any other additional information that might be of use to the laboratory: Provided that in the case of a working sample for moisture determinat. the label shall not be placed in the container.".

### *Substitution of regulation 16 of the Regulations*

6. Regulation 16 of the Regulations is hereby substituted with the following regulation:

"16. The moisture content of a consignment of wheat may be determined according to any suitable method: Provided that the results thus obtained are in accordance (± 0,3 per cent) with the results obtained by the 72 hour at 103 °C oven dried method [AACC (American Association of Cereal Chemists) Method 44/15A/1981].".

### *Amendment of regulation 18 of the Regulations*

7. Regulation 18 of the Regulations is hereby amended by the substitution of paragraph (c) of subregulation (2) of the following paragraph:

"(c) a maximum deviation of 30 seconds with regard to reproducibility shall be allowed.".

### *Amendment of Table 1 of the Regulations*

8. Table 1 of the Regulations is hereby amended by the substitution of paragraphs (a) and (b) by the following paragraphs:

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|
| (a) Heavily frost-damaged kernels/Erg rypbeskadigde korrels [Reg. 20 and/en 21] | 5 | 5 | 5 | 10 |
| (b) Screenings/Sifsels [Reg. 19] | 3 | 3 | 3 | 10 |

**No. R. 1421** **6 November 1998**

WET OP LANDBOUPRODUKSTANDAARDE, 1990 (WET No. 119 VAN 1990)

**REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE GRADERING, VERPAKKING EN MERK VAN KORING BESTEM VIR VERKOOP IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: WYSIGING**

Die Adjunkminister van Landbou, handelende kragtens artikel 15 van die Wet op Landbouprodukstandaarde, 1990 (Wet No. 119 van 1990), namens die Minister van Landbou—

(a) het die regulasies in die Bylae uitgevaardig; en

(b) bepaal dat die genoemde regulasies op 1 November 1998 in werking sal tree.

BYLAE

***Woordomskrywing***

1. In hierdie Bylae beteken "die Regulasies" die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 905 van 10 Julie 1998.

***Wysiging van regulasie 1 van die Regulasies***

2. Regulasie 1 van die Regulasies word hierby gewysig deur—

(a) die woordomskrywing van ander graan met die volgende woordomskrywing te vervang:

" **'ander graan'** die korrels of stukkies korrels van gars, hawer, triticale, mielies, rog en sorghum;"; en

(b) die woordomskrywing van ongedorste are met die volgende woordomskrywing te vervang:

" **'ongedorste are'** are en gedeeltes van are van koring, gars, triticale en rog wat nog korrels bevat;".

***Wysiging van regulasie 4 van die Regulasies***

3. Regulasie 4 van die Regulasies word hierby gewysig deur—

(a) die uitdrukking *"Ergot sclerotia"* in paragraaf (b) van subregulasie (1) met die uitdrukking "ergot sclerotia" te vervang;

(b) paragraaf (d) van subregulasie (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(d) vry van insekte wees;".

***Wysiging van regulasie 6 van die Regulasies***

4. Regulasie 6 van die Regulasies word hierby gewysig deur—

(a) die volgende paragraaf na paragraaf (b) van subregulasie (3) in te voeg:

"(c) Ondanks die bepalings van paragrawe (a) en (b) word koring geag aan die toepaslike vereistes van die betrokke paragrawe te voldoen indien dit nie meer as 30 sekondes, toegelaat ten opsigte van die reproduseerbaarheid van die metode, van die minimum voorgeskryf vir Super Graad, Graad 1, Graad 2 en Utiliteitsgraad, na gelang van die geval, afwyk nie.";

(b) subparagraaf (i) van paragraaf (a) van subregulasie (4) met die volgende subparagraaf te vervang:

"(i) 'n minimum van 14 persent (op 'n 12 persent vogbasis) proteïen bevat; en"; en

(c) subparagraaf (i) van paragraaf (b) van subregulasie (4) met die volgende subparagraaf te vervang:

"(i) 'n minimum van 13 persent (op 'n 12 persent vogbasis) proteïen bevat; en".

***Vervanging van regulasie 11 van die Regulasies***

5. Regulasie 11 van die Regulasies word deur die volgende regulasie vervang:

"11. (1) 'n Werkmonster word verkry deur die verteenwoordigende monster van die besending volgens die ICC ("International Association for Cereal Chemistry") 101 (Goedgekeur 1960) metode, te verdeel.

(2) Houers waarin 'n werkmonster vir die bepaling van vog of enige ander ontleding aan 'n laboratorium verpak word, moet—

(a) onbeskadig, skoon en sterk genoeg vir die vervoer van die werkmonster wees;

(b) van linne of dubbellaagpapier vervaardig wees;

(c) in die geval van vogbepaling en die bepaling van ongewenste reuke, lugdig en waterdig wees; en

(d) op die houer self of op 'n etiket wat aan die houer geheg of in die houer geplaas is, duidelik gemerk wees met 'n identifikasiemerk en enige ander addisionele inligting wat vir die laboratorium van hulp mag wees: Met dien verstande dat in die geval van werkmonster vir vogbepaling die etiket nie in die houer geplaas mag word nie.".

***Vervanging van regulasie 16 van die Regulasies***

6. Regulasie 16 van die Regulasies word hierby met die volgende regulasie vervang:

"16. Die voginhoud van 'n besending koring kan volgens enige geskikte metode bepaal word: Met dien verstande dat die resultate aldus verkry in ooreenstemming (± 0,3 persent) is met die resultate verkry deur die 72 uur by 103 °C oonddroogmetode [AACC ("American Association of Cereal Chemists") Metode 44/15A/1981].".

### *Wysiging van regulasie 18 van die Regulasies*

7. Regulasie 18 van die Regulasies word hierby gewysig deur paragraaf (c) van subregulasie (2) met die volgende subregulasie te vervang:

"(c) 'n maksimum afwyking van 30 sekondes ten opsigte van reproduseerbaarheid toegelaat.

### *Wysiging van Tabel 1 van die Regulasies*

8. Tabel 1 van die Regulasies word hierby gewysig deur paragrawe (a) en (b) deur die volgende paragrawe te vervang:

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|
| (a) Heavily frost-damaged kernels/Erg rypbeskadigde korrels [Reg. 20 and/en 21] | 5 | 5 | 5 | 10 |
| (b) Screenings/Sifsels [Reg. 19] | 3 | 3 | 3 | 10 |